Donderdag 22 April 2021
Advertensiebylae

Teamwork builds Quality

# BOU- EN SIVIELE KONTRAKTEURS

Sedert 1960

TEL: 021 868 3008 | WWW.ISIPANI.CO.ZA | ADRES: H/V DROMMEDARIS- EN VAN DER STELSTRAAT, DAL JOSAFAT, PAARL, 7646 | POSBUS 290, PAARL, 7620

# Veels geluk met 61 jaar, Isipani!

**Wynand Smit**

Dis belangrik om na te dink oor 'n mylpaal soos 61 bestaansjare, want dit gee jou 'n in-diepte blik op hoe ver jou onderneming al gevorder het en wat die besigheid bereik het.

Isipani het geweldig gegroei oor hierdie tydperk, veral oor die afgelope tien jaar. Dit is veral te danke aan die tyd wat ons afgestaan het om sterk bestuurstrukture in plek te stel en die maatskappy se waardestelsel te versterk sodat almal wat by Isipani werk, dit verstaan en begryp waarom dit saak maak om volgens hierdie waardes te leef.

Ons glo ons konserwatiewe strategie en ons fokus op ons kernbesigheid is wat ons bo die res laat uitstaan en dit werp beslis vrugte af. Dis hierdie benadering wat gesorg het dat ons ons personeel verlede jaar gedurende grendeltyd kon aanhou betaal, toe baie ondernemings nie kon nie. Ons weet wie ons is. Ons weet waarin ons goed is en ons fokus daarop om selfs beter te wees.

Oor die jare het ons onderneming organies gegroei deur nuwe voertuie, toerusting en bekisting aan te skaf wanneer ons kon sien dit gaan meer as een keer nodig wees om dit in te span op projekte. Ons het ook ons personeel gegroei deur vakleerlinge in te neem of aanstellings uit kolleges en universiteite te maak wat ons dan opgelei en gementor het sodat hulle nuwe vaardighede kon aanleer, want ons glo daar is nie 'n beter leerskool as eie ervaring in die werksomgewing nie. Wanneer jy dit in 'n veilige, bemoedigende omgewing met familie-waardes soos by Isipani aanleer, sal jy floreer en ook 'n tasbare bydrae tot die sukses van die onderneming maak. Om hierdie rede is ons personeelomset laag en ons spanne is betroubaar, produktief, passievol en verantwoordbaar vir alles wat hulle doen.

Hoewel ons nou 'n aansienlik groter maatskappy as 61 jaar gelede is, is ons bestuurspan steeds net so betrokke by die onderneming. Hulle pas steeds dieselfde etos toe en gee net so baie aandag aan die kleinste besonderhede soos Jan van der Sluys toe hy die onderneming aanvanklik op die been gebring het. Jy sal steeds Isipani se direkteure en aandeelhouers op hul werkpersele vind, betrokke by die dag-tot-dag bedrywighede om te verseker dat alle werk op tyd en teen die hoogste standaard gedoen word. Indien dit nie die geval is nie, implementeer ons oplossings saam met ons span om seker te maak dinge kom vinnig weer op dreef.



Danksy sterk bestuurstrukture, lojale werknemers en kliënte het Isipani Construction veral oor die afgelope tien jaar van krag tot krag gegaan. Foto: VERSKAF

Ons is trots op ons spanwerk – nie net met ons Isipani-kollegas nie, maar ook op werkpersele met die verskeie belanghebbendes wat almal saam moet werk om te verseker die beste eindproduk word aan ons kliënte gelewer. Ons het al oor en oor bewys dat dit makliker is om uitvoerbare, dikwels selfs innoverende oplossings vir uitdagings te vind wanneer jy saam met die kliënt, die professionele span en ander verskaffers as 'n span werk. Spanwerk sorg werklik dat almal uiteindelik 'n produk van die hoogste gehalte kan lewer.

Isipani is dankbaar vir elkeen van ons familielede wat oor soveel jaar bygedra het tot ons sukses. Daar is 68 werknemers wat al vir meer as vyf jaar by die onderneming is, 21 is al vir meer as 15 jaar in ons diens en 'n ongelooflike 20 lede van ons span is al vir meer as 20 jaar deel van die Isipani-familie. Daar is selfs vyf werknemers wat al vir meer as 30 jaar by die maatskappy is! Jy kan hierdie soort lojaliteit nie koop nie, dit word verdien. Ons sal aanhou om in jul ontwikkeling te belê, julle aan te moedig en te mentor, want ons besef watter groot bydrae julle tot die sukses van ons besigheid maak.

Ons is ongelooflik dankbaar vir ons kliënte. Daar is soveel van julle wat ons oor die jare al die voorreg gehad het om mee saam te werk aan verskeie projekte. Ons ondernemings het saam gegroei en saam het ons pret gehad. Ons hoop dit sal steeds die geval wees lank nadat ons die onderneming oorhandig het aan die volgende generasie Isipani-leiers.

Die beste lê nog voor!

■ *Wynand Smit is besturende direkteur van Isipani Construction.*

## Ontmoet Isipani se direkteure

Isipani se direkteure het saam reeds 123 jaar se ervaring in die boubedryf en gemiddeld het elkeen 17 en 'n half jaar se ervaring by die maatskappy – toewyding wat deesdae nie sommer in hierdie bedryf te sien is nie. Alle aandeelhouers is heeltydse werknemers van Isipani en werk op 'n daaglikse basis saam. "Isipani se sukses is gebou op 'n konserwatiewe manier van besigheid doen en is moontlik gemaak deur die regte bestuurstelsel wat meer as 30 jaar gelede reeds in plek gestel is. Ons maak as 'n span besluite en alle besluite word geneem met 'n oog op wat in die langtermyn die beste vir die onderneming sal wees," sê Wynand Smit, besturende direkteur van Isipani Construction.



### Wynand Smit

**Besturende direkteur van Isipani Construction en direkteur van Isipani Holdings**

Wynand Smit het in 1995 by die maatskappy aangesluit toe hy nog by die Kaapse Technikon studeer het. Hy is in 2004 bevorder tot kontrakbestuurder, in 2011 het hy 'n direkteur van Isipani Construction geword en in 2015 'n direkteur van Isipani Holdings. In 2016 is hy aangestel as besturende direkteur van Isipani Construction.



### Jacques Wilken

**Kontraktedirekteur van Isipani Construction en direkteur van Isipani Holdings**

Jacques Wilken is in 1988 aangestel toe hy 'n student aan die Kaapse Technikon met 'n beurs van die Suid-Afrikaanse Boubedryfvereniging was. Hy was bouvoorman, toe kontrakbestuurder en het in 1997 'n direkteur geword. In 2004 word hy kontraktedirekteur van Isipani Construction. Jacques is die langsdienende Itisa-komiteelid en sit ook op Isipani Holdings se direksie.



### Grant Robertson

**Kontraktedirekteur van Isipani Construction en direkteur van Isipani Holdings**

Grant Robertson het 'n BSc-graad in boukunde aan die Universiteit van die Witwatersrand.

Hy het in 1997 by Isipani Construction aangesluit as 'n voorman.

Hy is in 2004 bevorder tot kontrakbestuurder, het in 2011 'n direkteur van Isipani Construction geword en in 2015 'n direkteur van Isipani Holdings.



### Gerrit van Niekerk

**Finansiële direkteur van Isipani Construction en direkteur van Isipani Holdings**

In 2004 is Gerrit van Niekerk aangestel as Isipani se finansiële bestuurder en sekretaris. Hy is 'n geoktrooieerde rekenmeester met 'n BRek- en honneursgraad in rekeningkunde aan die Universiteit Stellenbosch sowel as 'n nagraadse diploma in ouditeurswese aan Unisa. Hy word in 2011 Isipani Construction se finansiële direkteur, en in 2015 'n direkteur van Isipani Holdings.



### Hannes Sliep

**Direkteur van Isipani Construction**

Hannes Sliep het in 2013 by die maatskappy aangesluit as bourekenaar.

In 2019 het hy 'n direkteur van Isipani Construction geword.

Hannes is 'n professionele bourekenaar (PrQS); MRICS en het 'n BSc Honsgraad in bourekeningkunde aan die Universiteit van die Vrystaat.



### Gizelle Frans

**Trustee van Isipani Workers Trust en direkteur van Isipani Construction**

Gizelle Frans is in 2008 aangestel as Isipani se veiligheidsbeampte.

In 2014 het sy 'n trustee van die Isipani Workers Trust geword en verteenwoordig sedertdien dié trust op Isipani Construction se direksie.



### Ray-ann Sedres

**Direkteur van Isipani Construction**

Ray-ann Sedres is 'n onafhanklike direkteur van Isipani Construction en voorsitter van die Isipani-stigting.

In 2014 het die stigting haar genomineer om hul belange op Isipani Construction se direksie te verteenwoordig.

Sy het 'n BCom-graad van Unisa, 'n MBA aan die Universiteit Stellenbosch, en is hoof van transformasie by Sanlam.

# Isipani leef dié kernwaardes

Isipani Construction het oor die jare 'n kernidentiteit geskep wat deur hul waardestelsel uitgebeeld word.

Isipani se mense leef elke dag hierdie waardes en dit is duidelik in hul toewyding tot die onderneming, hul kliënte, verskaffers en die gemeenskap waarin hulle elke dag werk.

Deur hierdie gedeelde waardes te omarm, vorm hulle 'n eenvormige en gedugte span.

**Kortfilm**

Nadat die maatskappy hul kernwaardes deur 'n ten volle inklusiewe proses hernu het waarby elke werknemer van Isipani Construction betrokke was, is Riccardo Capecchi van Capechino Animation aangestel om 'n kortfilm saam te stel wat Isipani Construction se kernwaardes van innovering, spanwerk, mensegroei, integriteit, passie en eienaarskap vasvang.

Hierdie video is beskikbaar in Engels en isiXhosa.

Die maatskappy se gelukbringer, Kaai, is daarin te sien. Die naam "Kaai" is gekies ter ere van Kaai Maqwelana, een van Isipani se legendariese voormanne wat in 1987 by die onderneming aangesluit het en in 2008 afgetree het. Hy was in beheer van 'n toegewyde span wat die betonwerk vir byna elke bouperseel gedoen het in hierdie tyd.

Verskeie plakkate is van die video gemaak en by Isipani se persele opgesit sodat alle werknemers dit kan sien en die boodskap daaragter maklik kan verstaan sodat hulle Isipani se waardes kan leef.




## Isipani se waardes is:

**Innovering**
Innovering is 'n sleuteldrywer van groei. Dit is die vermoë om nuwe idees uit te dink, om verskillende benaderings tot probleme te vind, en om nuwe geleenthede vir groei te soek.

Dit vereis bereidwilligheid om oop te wees vir 'n ander persoon se oogpunt, vir verandering en om nuwe idees en metodes wat bekendgestel word, te bespreek.

**Spanwerk**
Spanwerk gaan daaroor om saam te werk om uitdagings aan te pak en probleme op te los, om kennis en inligting met ander te deel, om deel te neem in vergaderings, en om alle spanlede in te sluit in besluitneming.

Spanwerk gaan ook daaroor om deurlopend terugvoering te gee om 'n span se algehele werkverrigting te bevorder.

**Mensegroei**
Mensegroei gee erkenning aan die belangrikheid daarvan om 'n kultuur te skep wat persoonlike ontwikkeling aanmoedig.

Dit gaan daaroor om potensiaal in ander raak te sien, en geleenthede te skep vir persoonlike ontwikkeling en groei, en om diegene wat jy help om te groei te vertrou om die geleenthede aan te gryp om uit te blink.

**Integriteit**
Integriteit word gevoed deur eerlikheid en vertroue, deur te erken as jy 'n fout gemaak het, deur ander met respek en empatie te hanteer, en deur bereid te wees om verskille aan te spreek en uit te klaar.

**Passie**
Passie en entoesiasme dryf motivering, inspireer ander en maak dit moontlik om die maatskappy se doelwitte te bereik.

**Eienaarskap**
Eienaarskap beteken om verantwoordelikheid te neem vir die gevolge van jou aksies, om te hou by aangewese tye vir take en vergaderings, om foutlose werk te lewer en om probleme aan te spreek en te probeer oplos voordat dit aangespreek word.

## ISIPANI-PROJEKTE: WINKELSENTRUMS

# Whale Coast Mall, Sandbaai, Hermanus

Whale Coast Mall is 'n streekswinkelsentrum op die R43 in Sandbaai, Hermanus. Ten tyde van die bouwerk, was dit die grootste kontrak wat Isipani tot nog toe losgeslaan het. In 2018 het dié vlagskipprojek die RDDA Spectrum-toekenning ontvang.

Die winkelsentrum is oorspronklik ontwerp as 'n groot opelugkompleks, maar die wispelturigheid van die Overberg se weerstoestande het die ontwerpers genoodsaak om die hele struktuur onder een groot dak te sit. Ondanks hierdie verandering aan die oorspronklike ontwerp, het die winkelsentrum binne steeds 'n lugtige, kontemporêre gevoel.

Die ontwerp van die afdak by die hoofingang is deur 'n walvis se stert geïnspireer. Mariene- en seevaarttemas is oral in die gebou te bespeur. Daar is mosaïekwerk van seeskilpaaie en dolfyne, groot draadwalvisse wat uit die dak hang en afbeeldings van skepe en seelewe.

Die winkelsentrum het vier ingange met 'n verhuurbare oppervlak van 34 000 m². Checkers en Woolworths is die twee ankerhuurders en daar is 80 kleiner winkels, restaurante, 'n eethof en twee rolprentteaters. Die hoofteater het 179 sitplekke en kan ook gebruik word as 'n verhoogteater, want daar is 'n verhoog en aantrekkamers vir diegene wat optree. Die kleiner Beanbag Theatre is met kinders in gedagte ontwerp en vertoon slegs kinderrolprente. Dié lokaal se naam kom van die 30 groot boontjiesakke waarop kinders kan sit. Binne het die winkelsentrum twee hysbakke en twee roltrappe en buite is daar 1 460 parkeerplekke.



**Die ontwerp van die hoofingang is geïnspireer deur 'n walvis se stert.**



**'n Lugfoto van die Whale Coast Mall in Hermanus.** Foto's: VERSKAF

Die Whale Coast Mall se ontwerp sluit ook verskeie kragbesparende elemente in om natuurlike lig optimaal te benut, soos ligsensors en LED-ligte. Isipani het 75 werknemers op die perseel gehad tydens bouwerk, maar daar is ook werksgeleenthede geskep vir plaaslike bouers en subkontrakteurs. Kinders van die plaaslike gemeenskap het selfs gehelp om die glasmosaïekwerk in die winkelsentrum se badkamers te skep.

***Waarde:** R381,9 miljoen | **Datum:** 2017 | **Kliënt:** Whale Coast Village Mall | **Argitek:** JLDesign | **Toekennings:** Spectrum-toekenning (2018), wenner van die kategorie vir nuwe ontwikkelings by die jaarlikse RDDA-toekennings vir kleinhandel, ontwerp en ontwikkeling; MBSA Nasionale Veiligheidskompetisie (2017), Federated Employers' Mutual Shield, derde in kategorie H vir projekte van R300 - R500 miljoen; MBA Streeksveiligheidskompetisie (2017), Boland-wisseltrofee vir wenner in die kategorie vir projekte groter as R20 miljoen.*

# Grootste bate is Isipani se mense

Niks som Isipani se filosofie so goed op soos hul slagspreuk nie: "Teamwork builds quality". Hulle beskou hul mense as hul grootste bate en het 'n trotse tradisie van voortdurende opleiding en vaardigheidsontwikkeling, toewyding tot die veiligheid en welstand van hul werkers, en 'n gevestigde beleid van bestuursbetrokkenheid.

Isipani se groei oor die afgelope paar jaar het nie net gegaan oor die opbou van 'n sterk portefeulje nie, maar ook oor belegging in hul mense. Die maatskappy se groeiprogram word gegrond op die persoonlike ontwikkeling van elke werknemer op elke vlak, daarom is hul personeelomset so laag.

Isipani Construction se fokus op persoonlike ontwikkeling beteken dat, hoewel hulle een van die groter konstruksiemaatskappye in die Wes-Kaap is, hulle doelbewus steeds kleiner projekte inneem om jonger, minder ervare werknemers die geleentheid te bied om hulself te bewys onder leiding van ervare kontrakbestuurders.

In 2020 kon hulle met trots vier 10-jaar-dienstoekennings, agt 15-jaar-dienstoekennings, 'n 20-jaardienstoekenning, 'n 25-jaar-dienstoekenning en selfs drie 30-jaardienstoekennings aan werkers oorhandig. Dit spreek boekdele oor die lojaliteit van spanlede en is 'n bewys van die bekwaamheid en kennis binne die onderneming.

Hulle glo van die redes waarom hul werkers so lank in diens bly, is Isipani se bereidwilligheid om hul personeel te groei, hul deelnemende bestuurskema, die winsdelingsprogram en die werkerstrust. Die deelnemende bestuurskema word gebou op doeltreffende kommunikasie en staan sentraal tot hul filosofie, siende dat dit werknemers toelaat om nie net by te dra tot die toekomstige groei van die onderneming nie, maar om persoonlik te kan groei.

Voortdurende opleiding was nog altyd 'n hoeksteen van hul toewyding tot gehalte en hul mense, wat die volgehoue groei en sukses van die maatskappy verseker. Doeltreffende opleiding dra nie net by tot persoonlike groei nie, maar ook tot gehalte-vakmanskap. Dit help om eendersdenkende werknemers te lok en verseker dat gehaltebewuste kliënte weer van hul dienste gebruik maak.

Isipani se beroepsgesondheid-en-veiligheidsbestuurder bied gereeld opleiding aan om werknemers op hoogte te bring met wetlike vereistes. Hulle bied ook self uitgebreide opleiding aan perseelagente, projekbestuurders, voormanne en vakmanne deur indiensopleiding en mentorskapprogramme. Werknemers word aangemoedig om kursusse van Boland-kollege en die Meesterbouersvereniging in Kaapstad, die Paarl en Rondebosch by te woon.

Hul kantoor- en seniorpersoneel woon gereeld seminare en ander kursusse by om op hoogte te bly van die jongste neigings. Dit sluit rekenaar-, finansiële, groengebou-, belasting- en kontrakteregkursusse in. Isipani neem technikonstudente in as junior opsigters en bourekenaars sodat hulle die praktiese opleiding vir hul kursusse kan voltooi.

Werknemers word verteenwoordig en bygestaan deur die Itisakomitee, 'n werkersforum binne Isipani wat op die been gebring is om spanwerk te bevorder en werknemers aan te moedig om hul bekommernisse en idees met bestuur te kommunikeer.

In 1995 is 'n winsdelingskema vir Isipani se werknemers geïmplementeer. Die skema is oop vir alle permanente werknemers wat al vir meer as twee jaar in diens van die onderneming staan en het 'n lojale, gemotiveerde werkmag tot gevolg gehad, kommunikasiekanale verbeter en 'n toename in gehalte en produktiwiteit in elke aspek van die besigheid teweeg gebring.

Die Isipani Workers Trust verteenwoordig alle werknemers van Isipani Construction wat al vir meer as vyf jaar deel van die onderneming is. Dit word bestuur deur vier trustees — twee wat deur die werknemers aangewys word en twee wat deur Isipani Construction aangewys word. Toe dit destyds gestig is, het die trust 80 personeellede verteenwoordig uit 'n wye spektrum – van mense met professionele kwalifikasies en vakmanne tot administratiewe personeel en konstruksiewerkers. Die maatskappy beskou die indeling as tasbare erkenning van die feit dat soveel werknemers oor talle jare langtermyntoewyding tot die sukses van die onderneming getoon het en daarom waardevolle vennote in die maatskappy se sukses geword het. Die feit dat Isipani se werknemers nou na vyf jaar deel in wins en dividende, toon dat dié onderneming glo dat 'n bekwame werkmag wat saamwerk om 'n gesamentlike doelwit te bereik, noodsaaklik tot die sukses van die maatskappy is.

Isipani beskou subkontrakteurs as 'n uitbreiding van hul familie. In die boubedryf is hulle bekend daarvoor dat hulle subkontrakteurs billik vergoed, daarom is subkontrakteurs gewoonlik bereid om die ekstra myl te loop om 'n produk van hoogstaande gehalte te lewer. Van Isipani se subkontrakteurs werk al vir meer as 20 jaar saam met die onderneming en het al oor en oor bewys dat hulle projekte van 'n hoë standaard lewer. Dit is hierdie werksverhoudinge met subkontrakteurs wat Isipani in staat stel om 'n tekort aan geskoolde arbeid in die besigste tye aan te vul.



Clyde du Plessis, Johan Immelman en Zola Mcinjana beraadslaag oor die bouplanne op die bouperseel van Whale Coast Mall in Hermanus. Foto's: VERSKAF



Die Itisa-komitee.



Besturende direkteur Wynand Smit hou 'n personeelvergadering by die maatskappy se kantore by Dal Josafat in die Paarl. Gereelde personeelvergaderings bied aan senior bestuur die geleentheid om inligting met werknemers te deel.

## ISIPANI-PROJEKTE: KANTOORGEBOUE

# Ackermans se hoofkantoor, Kuilsrivier

In 2017 is die tender aan Isipani toegestaan om vir Ackermans 'n nuwe kantoorgebou in Kuilsrivier te bou.

Hierdie drieverdieping-kantoorblok bied 10 600 m² kantoorruimte met semi-kelderparkering en dien as Ackermans se nuwe hoofkantoor.

Die kantoorblok lyk baie soos 'n nywerheidsgebou met meestal siersteenafwerking buite en vensterraame van swart aluminium. Binne is dit ook rof afgewerk met sommige van die mure wat nie eens gepleister is nie.

'n Tweede fase van die projek sluit die opknapping en uitbreiding van die aangrensende Consolite-gebou in vir meer kantore en parkeerplek.

Een van dié projek se mees uitdagende kenmerke was die dramatiese spiraaltrappe wat 'n onvergeetlike uitdaging was. Die trap moes gebou word van 'n spesiaal ontwerpte betonmengsel wat deur afslyping blootgestel kon word. Die welwing van die spiraaltrap moes ook die ontwerp van die bokant van die trap weerspieël.



Die gebou spog met 'n nywerheidsgevoel.



Die spiraaltrap binne die gebou het nogal gesorg vir kopsere.

***Waarde:*** *R107,3 miljoen* | ***Datum:*** *2017* | ***Kliënt:*** *Pepkor Properties* | ***Argitek:*** *R&L Architects* | ***Toekenning:*** *Ackermans-toekenning vir uitnemendheid (2017) vir 'n projek wat spreek van uitstaande vakmanskap*



'n Lugfoto van Ackermans se hoofkantore in Kuilsrivier. Foto's: VERSKAF

# Toewyding aan kliënte spreek vanself

Nes Isipani toegewy is aan hul span, is hul span toegewy aan hul kliënte. Hierdie onderneming het meer as 60 jaar se ervaring en 'n sterk portefeulje kommersiële, kleinhandel-, nywerheids-, regerings- en groot residensiële bouprojekte wat suksesvol afgehandel is. Isipani is ten volle toegewy aan hul kliënte se sukses en streef daarna om projekte van hoë gehalte op tyd en binne begroting te lewer. Hul missie is altyd om 'n professionele en gehalte-diens te lewer deur 'n doeltreffende, verteenwoordigende en deelnemende spanpoging.

Hulle het baie geleer oor die afgelope 60 jaar. Isipani se ervaring van 'n diverse verskeidenheid projekte het hul projekbestuur en bouprosesse verfyn en gehelp om 'n sterk, lojale span werknemers, kontrakteurs en subkontrakteurs op te bou wat te alle tye dieselfde standaarde handhaaf as waarop Isipani hulself roem.

Gehalte-vakmanskap is die grondslag van hul sukses en Isipani se toewyding tot uitnemende diens is duidelik in alle aspekte van die onderneming te sien – van die gehalte van hul mense tot die boumateriale wat hulle gebruik en die naverkopediens wat hulle aan kliënte bied.

Hul naverkopediens is een van hul grootste sterkpunte en is die tasbare verskil wat hulle laat uitstaan bo die res in die mark. Isipani het drie voltydse instandhoudingspanne wat heeldag beskikbaar is om op kort kennisgewing aandag te gee aan enige onvoorsiene konstruksieprobleme. Kliënte weet ook nou al sou daar 'n probleem opduik, kan hulle verwag dat een van die maatskappy se direkteure op die bouterrein sal wees om daar en dan besluite te kan maak.



Isipani Construction bou nie net langtermynverhoudings met kliënte op kantoor of in raadsale nie, maar geniet dit om ook na-ure op jaguitstappies of langs die rugbyveld hierdie verhoudings te versterk. Foto's: VERSKAF

Elke lid van die Isipani Construction-span leef die waardes. Hulle streef daarna om opreg, oop en toeganklik te wees in al hul verhoudinge en met al hul spanlede. Hulle glo dat eerlikheid, toeganklikheid, en openhartigheid vertroue kweek. Hierdie waardes is die hoekstene van hul onderneming en het hulle al goed te staan gekom in hul pogings om langtermyn-verhoudings en vertroue met kliënte te bou.

Vorige projekte was suksesvol as gevolg van hul ongelooflik toegewyde span, sorgvuldige beplanning, aandag aan die kleinste besonderhede en omdat hulle projekbestuurs- en boumetodes volg wat reeds op die proef gestel is.



Isipani het drie voltydse instandhoudingspanne wat heeldag beskikbaar is om op kort kennisgewing aandag te gee aan enige onvoorsiene konstruksieprobleme.



Soms is dit nodig dat kliënte die volledige prentjie vanuit die lug sien.

Elke projek het 'n ervare kontrakbestuurder, bourekenaar en terreinbestuurder. Daar word van alle spanlede verwag om goed te kommunikeer en elkeen se verpligtinge word met sorg uiteengesit om optimale doeltreffendheid te verseker. Vir die duur van die projek word daar elke twee weke formele en tegniese vergaderings gehou om die projek se vordering en enige uitdagings of potensiële struikelblokke te bespreek.

Isipani se toewyding tot die verbetering van hul werkverrigting deur streng selfoudits, 'n positiewe ingesteldheid, en duidelike kommunikasie het langtermynverhoudings met terugkerende kliënte en kenners in die boubedryf opgebou, soos projekbestuurders, argitekte, ingenieurs en bourekenaars. Dit het bygedra tot die onderneming se sukses, hul vermoë om nuwe werk in te bring, en om projekte te lewer wat voldoen aan kliënte se verwagtinge en dit selfs oortref. Hul kliënte het geleer om hulle te vertrou en verwag van Isipani om projekte te lewer met gehalte-vakmanskap, binne begroting en op tyd. Dit is slegs moontlik deur volledige beplanning en doeltreffende bestuur. As gevolg hiervan, is meeste van hul werk nuwe kontrakte van bestaande, tevrede kliënte, verwysings van vorige kliënte of uitnodigings om tenders in te dien.

Hulle het oor die jare al soveel langtermyn-verhoudings en vriendskappe gekweek en dit geniet om ook na-ure en oor naweke tydens besoeke aan die Rugbymuseum by Nooitgedacht in Stellenbosch, by sewesrugbywedstryde op Nuweland in Kaapstad, op jaguitstappies na Namibië en terreinbesoeke aan vlagskipbouprojekte aan hierdie verhoudings te bou. Deur mekaar se waardes en verwagtinge te leer ken, vorm jy 'n sterker span, want jy is meer produktief en ingestel op mekaar. Uiteindelik wen almal wanneer die projek suksesvol afgehandel word.

## ISIPANI-PROJEKTE: WYNKELDERS

# Benguela Cove I & II

Benguela Cove, 'n wynplaas op die Botrivier-strandmeer naby Hermanus, is een van die grootste wynprodusente in Walkerbaai.

Oor die jare het Isipani Construction se bouspan geleer om streng spertye te verwag wanneer hulle op 'n wynlandgoed moet gaan werk, want bouwerk moet altyd tussen twee oestye ingeprop word.

Benguela Cove was geen uitsondering nie. Hier was die grootste uitdaging om ver genoeg met die kelder te vorder dat dit ten volle operasioneel sou kon wees teen Januarie – betyds vir oestyd.

Die ontwikkeling het 'n nuwe kelder, restaurant, proelokaal, verkope-afdeling, vinoteque, 'n oopplan-vertrek vir ontspanning en vermaak asook 'n binnehof met onderdakpaadjie ingesluit.

Die proelokaal en binnehof kyk uit oor die plaasdam en Botrivier-strandmeer.

'n Mini-gholfbaan met 'n seerowertema is langs die dam vir die kinders gebou. Die 18-putjie putt baan het 'n klein winkel, kombuis en vertrek waar partytjies gehou kan word.



Die wynkelder moes voor die volgende oestyd voltooi word.



Die onderdakpaadjie langs die binnehof waar gaste beskut van die elemente buite kan ontspan.

*Waarde:* R64,3 miljoen | *Datum:* 2017 | *Kliënt:* Benguela Cove Investments | *Argitek:* Eben Rall & Associates



'n Lugfoto van Benguela Cove-wynlandgoed in Walkerbaai naby Hermanus. Foto's: VERSKAF

# Fokus bly op verlaging van risiko op bouterrein

Een van die sleutelvereistes vir 'n suksesvolle konstruksiemaatskappy is om die regte toerusting byderhand te hê. Dit is slegs moontlik as jy gereeld volledig inventaris neem sodat die regte hulpbronne in die regte hoeveelhede beskikbaar is wanneer dit benodig word.

Bottelnekke en vertragings om die nodige toerusting op 'n bouperseel te kry, het 'n negatiewe invloed op spertye wat nie uitgeskuif kan word nie en kan boetes tot gevolg hê wat die winsgewendheid van die projek in die wiele ry. Om hierdie risiko te verlaag, het Isipani mettertyd 'n hele vloot voertuie, gespesialiseerde toerusting en bekisting aangeskaf wat hulle in staat stel om met gemak tegelykertyd aan verskeie projekte te werk.

Daarmee saam het hulle ook 'n stelsel ontwikkel om die twee grootste uitgawes vir meeste projekte – arbeid en toerusting – doeltreffend te bestuur.

Streng beheer word oor meganiese hulpbronne gehandhaaf om beskikbaarheid te koördineer sodat alle projekte op skedule bly, sonder enige vertragings.

Kontrakbestuurders het ook op hul selfone toegang tot aanleg- en bekistingsinventarisse by die maatskappy se hoofperseel of enige bouterrein sodat hulle dadelik kan sien wat waar beskikbaar is en kan reël dat die hulpbronne



Oor die jare het Isipani Construction genoeg toerusting aangeskaf om tegelykertyd aan verskeie projekte te kan werk. Wanneer dit nie op bouterreine benodig word nie, word dit by hul hoofperseel in die Paarl gestoor. Hierdie perseel word nog elke jaar sedert 2012 onder die topvyf in Suid-Afrika aangewys by MBSA se Nasionale Veiligheidskompetisie.

toegewys word soos benodig.

Veiligheid op bouterreine en enige perseel waar toerusting gestoor word, is 'n groot bekommernis. Isipani se mense is hul hoofprioriteit. Hul fisieke veiligheid is nie onderhandelbaar nie, daarom word werknemers en enige besoekers op die terrein gereeld herinner dat 'n bouperseel potensieel 'n baie gevaarlike omgewing kan wees.

Die maatskappy se hoë agting vir beroepsgesondheid en veiligheid word gesien in die vele veiligheidstoekennings wat Isipani al oor die jare ingepalm het.

Isipani implementeer voortdurend maatreëls om gesondheiden veiligheidsrisiko's te verminder of uit die weg uit te ruim. Hulle pas streng veiligheidsmaatreëls op al hul bouterreine toe. Hulle maak ook seker dat al hul toerusting en steierwerk gereeld geïnspekteer word.

Die heeltydse beroepsgesondheid-en-veiligheidsbestuurder en hul eie veiligheidsbestuurstelsel verseker dat hulle volhou om aan al die vereistes van die Wet op Beroepsgesondheid en Veiligheid te voldoen asook aan alle bouriglyne en -regulasies. Hul veiligheidsbeamptes se waardevolle insette, opleiding en inspeksies help nie net om 'n veiliger werksomgewing te verseker nie, maar gee ook gemoedsrus en die nodige leiding aan kliënte en professionele spanne.

Isipani stel altyd bekwame en ervare mense op hul bouterreine aan, mense met genoeg ondervinding om enige moontlike veiligheidsrisiko's te identifiseer en rapporteer.

Alle nuwe werkers moet die induksieprogram voltooi sodat hulle bewus is van veiligheidsmaatreëls wat spesifiek tot elke bouterrein is.

Alle werknemers moet ook die voorgeskrewe veiligheidsuitrusting dra en moet gereeld opleiding oor veiligheidsprosedures bywoon.

Isipani se hoofperseel by Dromedarisstraat in die Paarl het oor die jare al verskeie nasionale en streeks- veiligheidstoekennings gewen.

Dit wen ook gereeld die toptoekenning in MBA Boland se streekskompetisie vir veiligheid. In MBSA se Nasionale Veiligheidskompetisie is Isipani se hoofperseel nog elke jaar sedert 2012 onder die topvyf in Suid-Afrika aangewys.




Mense se veiligheid is Isipani se hoofprioriteit daarom word alle nodige maatreëls op hul bouterreine in plek gestel om risiko te verminder. Foto's: VERSKAF

## ISIPANI-PROJEKTE: MOTORHANDELAARS

# Mercedes-Benz, Paarl

Die Mercedes-Benz-handelaar is opgerig in 'n sone vir gemengde ontwikkeling tussen die Paarl en Klapmuts op die Ou Paarlpad wat parallel met die N1-snelweg loop. Die gebou se ontwerp het 'n vertoonlokaal, werkswinkel, onderdele-afdeling en kliëntediensgedeelte met 'n mezzanienvloer vir kantore ingesluit.

Die ontwerp van die Mercedes-Benz-handelaar moes voldoen aan die Mercedes-bloudruk van 'n groot glasfasade en vertoonlokaal vir die motors. Glasfasades kan vele uitdagings bied omdat dit sterk winde moet kan deurstaan, daarom moes die windspoed in daardie deel van die Paarl in ag geneem word tydens beplanning.

Bouprojekte kan sorg vir baie onvergeetlike oomblikke. In die vroeë fase van Mercedes se projek was daar juis so 'n oomblik. Die konstruksiespan het pas die ondersteuningspilare opgerig en het nog nie begin werk aan die oorhoofse struktuur nie, toe 'n trok wat op die Suid-Agter Paarlpad na



Die glasfasade was nogal 'n uitdaging, aangesien dit rukwinde moet kan deurstaan.



Binne is 'n groot vertoonlokaal, werkswinkel, onderdele-afdeling en kliëntediensgedeelte met 'n mezzanienvloer vir kantore.

die N1 op pad was, se remme onklaar geraak het.

Die trok het oor die stopstraat aan die onderkant van die oorpad gery en eers op die toekomstige vertoonvloer van die handelaar tot stilstand gekom!

Isipani het dus die eienaars van die ontwikkeling aangeraai om 'n versperring op te rig sodat soortgelyke voorvalle in die toekoms vermy kan word wanneer die glasfasade in plek is, en die vertoonlokaal vol waardevolle voertuie gepak staan.



'n Lugfoto van Mercedes-Benz se motorhandelaar tussen die Paarl en Klapmuts. VERSKAF

***Waarde:*** *R31 miljoen* | ***Datum:*** *2015* | ***Kliënt:*** *RPP Developments* | ***Argitek:*** *DBM Architects*

# Opheffing van die gemeenskap

Isipani glo jou onderneming kan slegs suksesvol wees indien jy op 'n etiese wyse besigheid doen en die gemeenskappe ondersteun en ophef waarin jy werk, leef en speel. Werkloosheid in die Wes-Kaap staan tans op 18,7%. In die Drakenstein-munisipale gebied is daar veral 'n tekort aan finansiering en bystand vir opvoedkunde, bou van kapasiteit en vaardigheidsontwikkeling, werkskepping, gesondheidsorgbevordering, MIV- en vigsprogramme, en maatskaplike en gemeenskapsontwikkeling.

Meeste van hul permanente en loonwerkers kom uit die omliggende gemeenskappe, dit is dus vir Isipani belangrik om hulle te ondersteun deur hierdie gemeenskappe soveel as moontlik op te hef. Isipani Construction het 'n sterk korporatiewe kultuur van liefdadighede en organisasies sonder winsbejag ondersteun. Hierdie sterk sin vir maatskaplike verantwoordelikheid kry gestalte op 'n individuele en meer formeel op 'n korporatiewe vlak deur die inisiatiewe van die Isipani-stigting.

Isipani het op korporatiewe vlak al vele organisasies, skole en ander instansies ondersteun, veral in die Paarl en omliggende gebiede. Hulle raak ook doelbewus betrokke in die gebiede waar hulle nuwe kontrakte gaan aanpak om die gemeenskap op te hef.

Oor die jare het hulle verskeie langtermynverhoudings ontwikkel met organisasies soos Huis Andrew Murray (HAM), waarvoor



Itisa lê besoek af aan 'n ouetehuis in die Paarl. Foto's: VERSKAF

Isipani elke jaar 'n gholfdag reël om geld in te samel. Vele van die Paarlse skole, sportklubs, ouetehuise, kultuurverenigings, sorgsentrums, voedingskemas, museums en liefdadigheidsinstellings het al baat gevind by dié maatskappy se praktiese benadering tot gemeenskapsbetrokkenheid.

### Die Isipani-stigting

Hul maatskaplike verantwoordelikheidsinisiatiewe word meestal deur die Isipani-stigting geïmplementeer. Hierdie stigting sonder winsbejag is in 2014 ingestel en het 15% aandeel in Isipani Construction. Hul mandaat is om in frastruktuurontwikkeling in mindergegoede buurte van die grond af te kry en te ondersteun met 'n sterk fokus daarop om opvoeding en gesondheidsdienste te verbeter, veral in die gebiede waar Isipani Construction aktiewe bouterreine het.

Oor die jare het die stigting al op verskeie maatskaplike verantwoordelikheidsprojekte in die Boland en groter Kaapstad-omgewing gefokus. Hulle het onder meer plaaslike skole bygestaan met infrastruktuurontwikkeling; opleiding in vaardigheidsontwikkeling ingestel en ondersteun om werklose mense te help om werk in die boubedryf te kry; ondernemingsontwikkeling en entrepreneurskap ondersteun, wat veral belangrik is omdat daar so 'n groot informele sektor in die Wes-Kaap is; en infrastruktuurprojekte ingestel om gesondheidsorg te bring na gemeenskappe waar dit nodig was. Isipani het ook geld, bates, dienste en ander hulpbronne verleen as donasies aan organisasies wat die gemeenskap dien, asook organisasies wat by privaat aktiwiteite betrokke is.



Langabuya Creche in Mbekweni ontvang gereeld skenkings van kospakkies of skoolbenodighede.

Van die inisiatiewe waarvan hulle deel was oor die afgelope tien jaar, was om rolstoelvriendelike badkamergeriewe te installeer, om 'n skool in Tulbagh te verf en skryfbehoeftes en skoene aan die leerlinge te verskaf, en om plaveisel buite gemeenskapsentrums en openbare ontspanningsgeriewe vir kinders te lê.

### Personeel doen vrywilligerwerk

Die Itisa-komitee ondersteun elke maand drie organisasies met donasies wat hulle ontvang van permanente sowel as loonwerkers. Die maatskappy skenk dan net soveel soos wat die werkers geskenk het. Die organisasies wat by hierdie gesamentlike bedrag baat, is Little Fighters, 'n organisasie sonder winsbejag in die Paarl wat kinders ondersteun wat met kanker gediagnoseer is, die Rusthof-tehuis vir bejaardes in Paarl-Oos, en HAM, 'n kinder- en jeugsorgsentrum in Wellington.

## ISIPANI-PROJEKTE: NYWERHEIDSGEBOUE

# Massmart, Brackenfell

Die span van Isipani Construction het in Desember 2020 vir Massmart 'n nuwe gesentraliseerde verspreidingsentrum gebou. Dit het 'n groot pakhuis, CDS-kantoor en twee satellietkantore met 'n totale onderdak-oppervlak van 67 000 m² ingesluit.

Die Massmart-ontwikkeling is in Brackengate 2-sakepark op die hoek van Bottelaryweg en Cecil Morgan-rylaan in Brackenfell, 'n nywerheidsgebied van 160 ha met maklike toegang tot die N1- en N2-hoofweg, Stellenbosch-hoofverkeersweg en die R102-hoofpad.

Die massiewe pakhuis is die indrukwekkendste deel van hierdie ontwikkeling. Die onderdak-oppervlak is 52 000 m², wat gelyk is aan sewe rugbyvelde. Die struktuur het 80 000 m² dakplate en 1 140 ton staal. Die pakhuis se aaneenlopende dakplaatstelsel is ontwerp om swak plekke in die dak te verminder en sodoende lekplekke te keer wat skade aan die goedere kan aanrig wat in die pakhuis gestoor word.

*Waarde:* *R239,2 miljoen* | *Datum:* *2020* | *Kliënt:* *Redefine Properties & Van der Merwe Venter 11* | *Argitek:* *Francois du Toit Architects*



Die struktuur bestaan meestal uit staalelemente in plaas van die tradisionele baksteen en sement.



Die vloer van gewapende staalvesel skep 'n oppervlak met minder laste wat minder instandhouding verg.

Dit is een van die grootste oppervlakke onder een dak in Kaapstad en die grootste onderdakpakhuis wat Isipani Construction tot nog toe gebou het. In die middel staan die gewelfde dak 15,5 m hoog. Die struktuur bestaan meestal uit staalelemente in plaas van die tradisionele baksteen en sement. Rheinzink-bekleding, 'n materiaal wat van titanium-sinklegering gemaak word, is gebruik om die gebou 'n moderne afwerking te gee. Die pakhuis het nie 'n gewone betonvloer nie, maar een wat van gewapende staalvesel gemaak is om 'n oppervlak met minder laste te skep wat minder instandhouding en 'n gladder oppervlak vir vurkhysers skep.

Dit bevat verskeie groen ontwerpelemente. Die gebou self is so geleë dat dit aan so min moontlik temperatuurwisselings blootgestel word om in die algemeen 'n gemaklike temperatuur te handhaaf. Waterbesparende ontwerpe sluit lugverkoelde lugreëling in wat met tegnologie werk wat ook tot 25% krag bespaar.

Energiedoeltreffende LED-ligte en bewegingsensors is ook regdeur die gebou geïnstalleer.



'n Lugfoto van Massmart se verspreidingsentrum in Brackenfell se nywerheidsgebied. Foto's: VERSKAF



Isipani het die plaveisel gelê vir die Laerskool Prestwick in Seepunt se speelgrond.



Terwyl hulle aan Whale Coast Mall in Hermanus gebou het, het Isipani se konstruksiespan ook die plaaslike Rotariërs gehelp om bome te plan by die Hoërskool Hermanus.

Soms sal die Itisa-komitee ook ad hoc-donasies aanvra om dringende behoeftes in die gemeenskap aan te spreek. Personeellede word selfs van tyd tot tyd gevra om 'n "ingangsfooi" by geselligheide of vergaderings te betaal in die vorm van sagte speelgoed, nie-bederfbare kos, komberse vir haweloses en hondekos vir die plaaslike DBV.

Oor naweke doen die werknemers vrywilligerswerk by gemeenskapsprojekte of doen klein instandhoudingsprojekte vir organisasies soos HAM. Toe hulle in 2017 aan die Whale Coast Mall in Hermanus gewerk het, het die konstruksiespan die Hermanus Rotariërs gehelp bome plant by die Hoërskool Hermanus. Hulle het ook aangesluit by 'n gemeenskapsinisiatief om 'n klein plattelandse skooltjie in die Hemel-en-Aarde-vallei op te knap en toe te rus. 'n Span van Isipani neem selfs deel aan die WAWWA (We Are Who We Are)-stigting se jaarlikse bergfietswedren tussen Sutherland en Merweville om geld in te samel vir gemeenskapsorganisasies met beperkte hulpbronne in die streek, veral 'n sekere koshuis in Merweville.



Isipani verleen gereeld praktiese hulp aan opvoedkundige instansies met byvoorbeeld die opknap van hul speelgronde.

### Inisiatiewe met opvoedkundige instansies

Opvoedkunde is noodsaaklik vir die toekoms van ons land. As 'n familie-georiënteerde onderneming, is dit veral 'n onderwerp waaroor Isipani passievol is, daarom ondersteun hulle gereeld hierdie soort maatskaplike inisiatiewe. Van die projekte waarby Isipani al in die verlede betrokke was, is die bou van 'n nuwe klaskamer by die Laerskool Groenheuwel, die lê van 'n geplaveide speelplek by die Laerskool Prestwich in Seepunt, die bou van 'n ontvangslokaal by New Orleans Sekondêre Skool in die Paarl en die lê van plaveisel by Koinonia-gemeenskapsentrum.

Bouprojekte in mindergegoede buurte lig dikwels spesifieke behoeftes in gemeenskappe uit. Toe Isipani in 2016 die Laerskool Lingomso in Tulbagh gebou het, het die Itisa-komitee besluit om op die eerste dag by hul nuwe skool skryfbehoeftes en skoolskoene aan al die leerlinge te oorhandig. Terwyl hulle in 2019 aan die Robertson Circle-inkopiesentrum gewerk het, het hulle in 'n gesprek met die burgemeester gehoor van 'n plaaslike crèche wat sonder elektrisiteit sit. Isipani het een van die subkontrakteurs op die bouprojek gevra om vir die crèche elektrisiteit te gaan installeer.

Deur korporatiewe borgskap ondersteun Isipani twee van die Paarl se groot skoolgeleenthede — die jaarlikse interskole tussen Paarl Gimnasium en Hoër Jongenskool Paarl en dié tussen New Orleans en Klein Nederburg.

Die Isipani-stigting het ook by geleentheid rekenaars aan die Laerskool Parkview in Atlantis geskenk.

### Opheffing van Mbekweni

Sedert 2005 ondersteun Isipani al Mbekweni Crèche buite die Paarl met donasies van kospakkies, skoolbenodighede, gras en bome vir die speelgrond en hul jaarlikse Kerspartytjie. Hulle het kragte saamgespan met Cargo of Dreams, 'n Amerikaanse liefdadigheid, om die crèche se geriewe op te knap. Cargo of Dreams het ou skeepsvraghouers omskep in klaskamers. Isipani het die terrein reggekry, die houers gaan haal, 'n bietjie bouwerk gedoen om dit te laat pas en die loodgieters- en elektriese werk geïnstalleer.

### Bemagtiging van gemeenskappe

Isipani Construction is toegewy tot bemagtiging, vaardigheidsoordrag en opleiding. Buiten werksopleiding, word daar ook op elke projek toegewing gemaak vir kursusse in messelwerk, houtwerk, finansiële lewensvaardighede, en opleiding in beroepsgesondheid en veiligheid wat deur geakkrediteerde diensverskaffers aangebied word om die plaaslike gemeenskap waar Isipani aan projekte werk, op te hef.

## ISIPANI-PROJEKTE: HOSPITALE EN MEDIESE SENTRUMS

# Vergelegen Mediclinic, Somerset-Wes

Bouwerk aan die Mediclinic Vergelegen in Somerset-Wes het stormwaterdreinering, siviele werk en aanpassings asook aanbouings by die bestaande hospitaal ingesluit.

Omdat die hospitaal in 2013 oorstroom het, was die bou van 'n ondergrondse stormwaterkanaal van beton 'n prioriteit. Dit is 163 m lank met 'n sekondêre baksteenkanaal bo-op wat die normale reënwater weglei. Spoedhobbels is ook op strategiese plekke om die hospitaal aangebring om water weg te lei sou daar weer erge reën wees.

Die vloed het baie skade verrig aan die hospitaal se hart-, verloskunde- en pediatriese sale wes van die administratiewe en ontvangsblok. Die gebou waarin hierdie drie sale was, is heeltemal platgeslaan. Die nuwe drieverdieping-gebou het nou ook plek vir 'n uitgebreide noodeenheid, verloskunde- en pediatriese sale, neonatale kritiekesorgeenheid, harteenheid en hibriede teater, 'n nuwe radiologie-afdeling en bykomende spreekkamers.



Die hospitaal het in 2013 oorstroom. Een van die ou geboue is platgeslaan en 'n nuwe drieverdieping-gebou is opgerig.



Alle bestaande geriewe is as deel van die kontrak opgeknap.

Die volgende ontwikkelingsfase het die opknap van die hospitaal se ontvangs, restaurant en ortopediese, chirurgiese en algemene kritiekesorgeenhede behels sowel as die opknap van die apteek en mediese eenheid. Alle bestaande geriewe is opgeknap. Die kontrak het selfs voorsiening gemaak vir water- en kragbesparing asook sonkragverhitting.




'n Lugfoto van Mediclinic Vergelegen in Somerset-Wes. Foto's: VERSKAF

***Waarde:*** *R136,6 miljoen* | ***Datum:*** *2016, 2015, 2014* | ***Kliënt:*** *Mediclinic* | ***Argitek:*** *TV3 Architects & Town Planners* | **Toekennings:** *Mediclinic Diensverskaffer van die Jaar-sertifikaat (2016), ontvang van Mediclinic Suidelike Afrika; MBSA Nasionale Veiligheidskompetisie (2015), sesde in die kategorie vir projekte tussen R75 en R150 miljoen; MBA Boland Streeksveiligheidkompetisie (2015), tweede in die kategorie vir projekte van meer as R20 miljoen.*

# Verantwoordelik teenoor omgewing

Uit die aard van konstruksiewerk kan dit baie skadelik aan die omgewing wees omdat die bogrond verwyder word, opgrawings gedoen word en swaar toerusting op bouterreine gebruik word. Oor die jare het Isipani met verskeie omgewingskonsultante en kliënte gewerk wat baie spesifieke omgewingsvereistes gestel het en die onderneming het altyd aan hierdie vereistes voldoen of dit selfs oortref. In 2020 en 2021 het die maatskappy ook ISO 14001 Omgewingsbestuurstelsel-sertifisering ontvang.



Isipani Construction het groot respek vir die omgewing en probeer om nie net op hul bouterreine aan alle omgewingswette en -regulasies te voldoen nie, maar om dit keer op keer te oortref.
Foto's: VERSKAF

### Beskerm die ekostelsel

Toe Isipani in 2015 aan die Sun Valley Mall in Noordhoek gewerk het, moes hulle baie versigtig wees en voldoen aan gedetailleerde omgewingspesifikasies omdat die nuwe winkelsentrum baie naby 'n vlei is wat een van min oorblywende broeiplekke van die hoogs bedreigde Wes-Kaapse luiperdpadda is. In Milnerton was Isipani betrokke by twee ontwikkelings in die Royal Ascot-buurt wat grens aan Tafelbaaireservaat. Isipani Construction het drie omgewingstoekennings ontvang vir die werk wat hulle by Royal Ascot gedoen het en was die enigste maatskappy wat aan die ontwikkeling van Ascot Terraces gewerk het, wat nie 'n omgewingsboete ontvang het nie. Hul werk by Century City en Sable Square Mall moes ook baie versigtig uitgevoer word omdat dit so naby aan 'n ekologies-sensitiewe vleigebied en voëlreservaat is.

### Die droogte van 2017/2018

Isipani kon gedurende die Wes-Kaapse droogte in 2017/2018 die Stad Kaapstad se brandweer, siviele werke-afdeling en nie-winsgewende organisasies bystaan. Die maatskappy was op daardie stadium besig om aan Woodstock Quarter te werk, waar hulle opgrawings moes doen. Die opgrawings het 'n sterk varswaterbron oopgemaak wat genoeg water verskaf het om al Isipani se bouterreine, die Stad Kaapstad se brandweer, siviele werke-afdeling en nie-winsgewende organisasies te voorsien wat water versprei het na gebiede waar daar geen water was nie.

In Augustus 2018 het die maatskappy gewerk aan 'n projek om 78 skole in die Kaap van watertenke te voorsien in afwagting op Dag Zero. Skole is verdeel in drie kategorieë: netwerkskole, verbindingskole, en skole wat net tenks het. By netwerkskole was die doel om 50% onafhanklik van munisipale water te wees deur drukpompe en boorgate te installeer, en pompe, tenke en netwerklyne na toilette aan te lê. Verbindingskole is voorsien van nuwe watertenks en lyne sodat die tenke uit boorgate volgemaak kon word. Skole met net tenke het tenke ontvang sodat dit uit watertrokke volgemaak kon word. Heinings is ook opgesit om die nuwe waterinfrastruktuur te beskerm. Die projek het 'n geskatte waarde van byna R16 miljoen gehad.

### Strewe om regulasies te oortref

Hoewel Isipani daartoe toegewy is om aan elke vereiste van enige toepaslike omgewingswet en -regulasie te voldoen, is hul doel eintlik om enige verwante regulasies te oortref en omgewingskwessies te integreer in alle beplanning en besluitnemingsprosesse deur doeltreffende omgewingsbestuurstelsels te implementeer.

Hulle kommunikeer pro-aktief met werknemers om bewustheid aan te moedig oor omgewingskwessies wat hul werk beïnvloed en om 'n sin vir verantwoordelikheid te kweek vir ons natuurlike hulpbronne en gemeenskap. Isipani werk hard daaraan om die geraas, stof en versteuring op hul maatskappy se bouterreine te verminder. Hulle probeer ook hul koolstofvoetspoor verminder deur nuwe, omgewingsvriendelike toerusting aan te skaf en, waar moontlik, tegnologie te gebruik wat koolstofvrystelling verminder. Hulle bevorder hulpbronvolhoubaarheid deur herwinning aan te moedig en goed weer te gebruik indien moontlik; energiedoeltreffende praktyke in te stel; en vermorsing te verminder deur die prosesse optimaal te benut. Daarmee saam moedig hulle ook verbetering in hul verskaffers se omgewingsimpak aan deur die ontwikkeling van omgewingskriteria in die toestaan van kontrakte.



Hulle probeer toerusting aanskaf en tegnologie gebruik wat hul koolstofvrystelling verminder.

Isipani wil ander maatskappye in hul bedryf, verskaffers en kliënte inlig en inspireer, terwyl hulle saamwerk om omgewingstransformasie te bevorder en sodoende volhoubaarheid in die boubedryf te verbeter.

## ISIPANI-PROJEKTE: RESIDENSIËLE ONTWIKKELINGS

# Woodstock Quarter, Woodstock

Woodstock Quarter is 'n groot ontwikkeling met gemengde gebruik in Victoriastraat, Woodstock en een van Isipani Construction se grootste projekte tot nog toe. Op die besigste tyd van die konstruksiefase, was daar tussen 750 en 800 mense op die bouterrein!

Dié vlagskipontwikkeling het die bou van 386 woonstelle, vier vlakke kelderparkering en 'n kleinhandelvoetspoor van 7 300 m² vir 171 stoorkamers behels — 'n totale vloeroppervlakte van 55 000 m². 'n Komplekse waternetwerkstelsel en 'n suiweringsaanleg wat met omgekeerde osmose werk, is bygevoeg om Woodstock Quarter geheel en al selfonderhoudend te maak wat watertoevoer aanbetref.

Die 6 800 m² Woodstock Quarter-eiendom is 13 erwe wat saamgevoeg is. Die perseel is in Mei 2017 aan Isipani oorhandig nadat die aanvanklike opgrawings en syspanningswerk afgehandel is. Opgrawing is tot op 15 meter gedoen. 'n Ondergrondse varswaterbron is in die proses ontbloot wat tot 350 000 ℓ water per dag lewer. Om die grondwater te bestuur was dus voortdurend 'n uitdaging daardie eerste paar maande tot hulle in Desember 2017 die grondvloer bereik het.




Woodstock se nou straatjies was nogal 'n uitdaging vir die afleweringstrok.



Die gebou is selfonderhoudend wat watertoevoer aanbetref.



'n Lugfoto van Woodstock Quarter in Woodstock.
Foto's: VERSKAF

Woodstock se nou straatjies het ook gesorg vir 'n paar logistieke uitdagings. Mense is aangestel om die tyd wat daar met hyskrane gewerk is en die afsetpunte van hierdie hyskrane te bestuur, siende dat die hyskrane vir 12 ure lank elke dag gebruik is. Twee trokke moes ook die nou straatjies trotseer om sement, sand, bakstene en ander boumateriaal af te lewer.

Spasie was nogal 'n uitdaging, veral in die vroeë fase van die ontwikkeling, maar nadat die laaste blad gelê is, kon kantore op die bouterrein opgerig word. Werknemers het mettertyd die inwoners rondom die bouterrein leer ken, veral die kinders wat gereeld krieket in die straat gespeel het. Aanvanklik het die kinders probleme veroorsaak op die perseel, maar hulle het uiteindelik geleer om agter die versperrings te bly. Om hul nuuskierigheid te bevredig, het terreinbestuurders van tyd tot tyd die kinders op 'n begeleide toer geneem om hulle die toerusting op die bouterrein te wys.

***Waarde:*** *R356,1 miljoen* | ***Datum:*** *2019* | ***Kliënt:*** *Swish Property en Tuupo Holdings JV* | ***Argitek:*** *Design Lab*